9 September **Skrifgedeelte: Spreuke 22:17-23:35**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:29b

Onverstandige mense wil God nie dien nie

Tussen luister en doen is 'n nou verband. Enkele voorbeelde uit die Bybel sal dit illustreer. God verwyt Israel want hulle luister nie na Hom nie en doen wat verkeerd is (Jes 65:12). Omdat Israel weier om na God te luister, het hulle in sonde verhard (Jer 13:10). In die lewe van die goddelose mense gaan dit net so. Hulle luister nie na God nie (verse 22,24,25); daarom is hulle nie gehoorsaam aan God nie. Om God te gehoorsaam, is nie moontlik sonder die Woord van God nie: "U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad" (Ps 119:105). Wie die bevele van die Here eerste stel (Ps 119:173), weet hoe om God opreg te dien. Paulus waarsku: "Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges" (Ef 5:15). Hoe leef die onverstandige mense? Hulle lewe soos die onkundiges, die grootpraters en die swape van Spreuke 1. Hoe? Hulle luister nie na God nie (Spr 1:23). Hulle slaan God se raad in die wind (Spr 1:25). Hulle laat hulle nie teregwys nie (Spr 1:30). Hulle haat God se kennis en wil niks daarmee te doen hê nie (Spr 1:29). Wat doen die verstandige mense? "Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen" (Ef 5:17). Dit is die geheim van 'n gehoorsame, Godgewilde lewe. Luister na sy Woord en doen wat Hy sê, dit is wat God van jou vra.

Sing: Psalm 86:6 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)